

Smit, DJ  
Universiteit Stellenbosch

## Teses oor geskiedenis? – Oor onreg, oordeel en eskatologie<sup>1</sup>

### ABSTRACT

The paper is an annotated version of an originally oral contribution during an international and inter-disciplinary consultation on “Injustice, Judgment and Eschatology” hosted in the Theology Faculty of Stellenbosch University on August 3, 2012. It revisits the life and work of Walter Benjamin, the Jewish philosopher and author from Berlin who combined these three notions in a remarkable way and with lasting impact in literary, artistic, cultural and philosophical circles, until today. The essay serves as reminder of Benjamin’s last writing before his death in 1940, namely the influential eighteen theses on history. It briefly illustrates how challenging, influential and inspiring these aphoristic theses have been and still remain, precisely by linking these three notions of injustice, judgment and eschatology in complex ways. It particularly points to the ninth thesis, interpreting Paul Klee’s *Angelus Novus* as the angel of history. The essay is deliberately also written in the form of eighteen brief theses, as formal reminder of Benjamin’s remarkable and incomparable style.

1. In Suid-Afrikaanse swart teologiese kringe is noue verbande gelê tussen ervaringe van onreg, verwagtinge van oordeel en eskatologiese voorstellinge. Een invloedryke voorbeeld van dié denkfiguur was Allan Boesak. Sowel met beroep op die Gereformeerde tradisie – byvoorbeeld in sy appèl op die Nederlandse Geloofsbelydenis<sup>2</sup> – as met beroep op Bybelse dokumente – byvoorbeeld in sy uitleg van die boek *Openbaring*<sup>3</sup> – het hy dié verbande retories sterk beklemtoon. Die hoop van dié wat in die geskiedenis onder onreg ly is dat hulle saak in die eindoordeel as regverdig verklaar sal word, was die wyd verbreide, troosvolle oortuiging in dié geleedere.

2. In Gereformeerde kringe is meermale tydens die 20ste eeu gesê dat die eskatologie van die Nederlandse Geloofsbelydenis – volgens sommige beperk tot artikel 37, wat selfs die indruk kan skep van ’n nagedagte – onder-ontwikkeld is in die lig van die sentrale rol van die eskatologiese hoop in die Nuwe Testament. Meermale is selfs bygevoeg dat dit wenslik sou kon wees om die inhoud van die Geloofsbelydenis aan te vul met nuwere eksegetiese insigte in die rol van apokaliptiese en eskatologiese voorstellinge.

3. Dis egter eweneens moontlik om te argumenteer dat die Nederlandse Geloofsbelydenis slegs gelees en begryp behoort te word in die lig van die oorspronklike Begeleidende Brief. Dié destydse verduideliking van die agtergrond laat egter geen twyfel oor die fundamentele rol van eskatologiese oortuigings in die gees agter en motivering vir die destydse daad van belydenis nie. Ook in dié Brief word die temas van onregverdige lyding, hoopvolle vertroue

1 Hierdie toespraak is op uitnodiging van Gerrit Brand gelewer tydens ’n Internasionale en Inter-dissiplinêre Seminaar wat hy in die Fakulteit Teologie, Stellenbosch gereël het, op Vrydag 3 Augustus 2012. Dit het gehandel oor “Onreg, Oordeel en Eskatologie,” en verdere sprekers het onder andere professore Theo de Witt (Tilburg, Nederland) en Günter Thomas (Bochum, Duitsland) ingesluit.

2 Sien byvoorbeeld Boesak, Allan *Black and Reformed. Apartheid, Liberation, and the Calvinist Tradition* (ed. Leonard Sweetman).

3 Sien byvoorbeeld Boesak, Allan, *Comfort and Protest. The Apocalypse of John from a South African Perspective*.

op 'n regverdige oordeel – indien nie nou nie, dan later – en daarom troosvolle eskatologiese verwagtinge ten nouste verweef.<sup>4</sup>

4. Daar kan wel op aksentverskille gewys word tussen die onderskeie logikas van die 20ste eeuse swart teologie in Suid-Afrika en die 16e eeuse lewensgevoel van die *Confessio Belgica*. Sommige sou trouens oordeel dat dit om meer as aksentverskille handel. Daar onder tel byvoorbeeld dat Boesak 'n geweldlose politieke stryd en verset deur die slagoffers wil regverdig terwyl De Brés eerder enige politieke motiewe wil ontken en vasberade bereidheid tot lyding wil motiveer.<sup>5</sup> Ondanks hierdie verskille – hetsy van beklemtoning of van inhoud – is dit steeds opvallend dāt en hóé temas van onreg, oordeel en eskatologie hier in 'n gemeenskaplike logika verbind word.

5. Trouens, dieselfde tipe logika is te vinde by vele 20ste eeuse Protestantse denkers, alhoewel dikwels in diepe konflik met alternatiewe logikas – soos wat talle studies van en oorsigte oor resente Protestantse eskatologie, spesifiek ook opvattinge aangaande onreg, oordeel, die Laaste Oordeel en God as Regter toon.<sup>6</sup> Vir sommige is die eskatologie nie denkbaar met enige vorm van oordeel nie, omdat dit volgens hulle gevoel op onreg sou neerkom, vir sommige is die eskatologie nie denkbaar sonder enige oordeel nie, omdat dit volgens hulle geen bevredigende omgang met onreg sou inhou nie.

6. Onder vele bekende voorbeelde van dié logika bied Bram van de Beek se *God doet recht* 'n onlangse konsekwente en radikale illustrasie. Ook by hom wortel dié innige verbande in 'n lewensgevoel waarin die lyding onder onreg en geweld in die geskiedenis ten hemele roep.<sup>7</sup>

7. Alhoewel veel meer temas ook aangetoon sou kon word wat in dié soort lewensgevoel aanwesig is, is dit duidelik dat ten minste *ses temas* feitlik sonder uitsondering 'n rol speel. Alhoewel die diskoerse oor al ses temas uiteenlopend verloop, is dit naamlik opvallend hoe dikwels dié temas ter sprake kom wanneer oor die verbande van onreg, oordeel en eskatologie nagedink word. In byna willekeurige volgorde is dié ses temas dié van 1) die duiding van die geskiedenis, 2) die omgang met lyding, 3) die verskynsel van geweld, 4) die funksie van herinnering, 5) die aard van etiek en 6) die rol van teologie.

8. 'n Paradigmatiese voorbeeld van 'n denker wat met dié temas geworstel het is Walter Benjamin.<sup>8</sup> Dit verwonder gevolglik ook nie dat sy werk so dikwels aangehaal word in

---

4 Sien veral Artikel 37 van die Nederlandse Geloofsbelijdenis, maar ook die begeleidende brief gerig aan Koning Philips II van Spanje; vir die oorspronklike teks van laasgenoemde, sien Bakhuizen van den Brink, *De Nederlandse Belijdenisschriften*, 62-69.

5 Vir bespreking van die onderskeie strekkings, sien Smit, "The *Confessio Belgica* as Liberating Truth Today?," in P J Tomson *et al.* (eds.), *The Belgic Confession at 450*, 77-88.

6 Vir enkele voorbeelde, sien onder andere De Kruijf, G G, "Give place unto wrath," in *Christian Faith and Violence*, eds. Van Keulen, D & Brinkman, M E, 115-129, asook die omvattende oorsigte in die proefskrifte van Etzelmueller, G, ... *zu richten die Lebendigen und die Toten* en Thomas, G, *Neue Schöpfung*. Sien ook die professorale intreerede van Theo de Wit, met uitvoerige literatuur. Hy verwys onder andere na die invloedryke gedagte van Hegel, oorgeneem van Schiller, aangaande die *Weltgeschichte als Weltgericht*, wat ook dikwels in die literatuur as agtergrond funksioneer.

7 Van de Beek, *God doet recht. Eschatologie als christologie*.

8 Benjamin is in 1892 in Berlyn gebore en het in September 1940, op vlug na die VSA, in die Spaanse Pireneë sy hand aan sy eie lewe geslaan toe dit duidelik geword het dat hy na Frankryk gedeporteer sou word, terug na Nazi-besetting. Hy was 'n kritikus – van kuns, argitektuur, letterkunde, historiese produkte, stede, tegnologie, die openbare media, filosofie – en het produktief en omvangryk geskryf, in

hedendaagse diskoerse rondom hierdie ses temas en rondom hulle onderlinge verbande nie. Alhoewel motiewe uit sy hele lewe en werk die diskoerse stempel, speel veral sy "Theses on the Concept of History" – sy heel laaste geskrif voor hy sy lewe sou beëindig – 'n beslissende rol in vele van hierdie diskoerse en by vele van die leidende figure in hedendaagse debatte oor dié ses temas.<sup>9</sup> Ter wille van die gesprek word kortliks herinner aan enkele – uiteraard uiteenlopende – maniere waarop dié teses benut word in diskoerse rondom dié ses temas.

9. Uit persoonlike briewe is duidelik hoe belangrik hierdie teses vir Benjamin self was en hoe sentraal in sy eie denke. Hy verwoord daar uiteindelik gedagtes waarmee hy twintig jaar geloop het maar wat hy ook vir homself weggesteek het, skryf hy aan vriende.<sup>10</sup> Dis 'n eerste poging om die metode te beskryf wat hy reeds in sentrale stukke gevolg het maar wat voortaan die basis van sy werk gaan wees, sê hy.<sup>11</sup> Die teses is te kompleks om te kan sistematiseer en saamvat. Talryke uiteenlopende studies – oor die onmiddellike biografiese aanleidings, oor die breër tyd-historiese agtergronde, oor die eintlike skopus van die argument, oor die legitieme uitleg-tradisie – getuig van die ingewikkelde en omstrede aard van die dokument én van sy invloedryke werkingsgeskiedenis.<sup>12</sup>

10. Veral die allegoriese negende tese sou sedertdien baie aangryp.<sup>13</sup> Hy beskryf 'n skildery

---

vele uiteenlopende genres. Sy werk was aanvanklik lank nie in Engels beskikbaar en gevolglik bekend in Engels-sprekende lande nie, maar in die laaste dekades het dié situasie ook verander. Daar word toenemend van en oor Benjamin gepubliseer. Daarbenewens was sy direkte en persoonlike invloed op vele van sy tydgenote, geesgenote en persoonlike vriende diepgaande en merkwaardig, en vele van dié figure het self baie bekend en invloedryk geword. Vir 'n baie eenvoudige en populêre inleiding tot sy lewe en werk, sien byvoorbeeld Caygill, Howard, Coles, Alex & Klimowski, Andrzej, *Introducing Walter Benjamin*, waarin goeie inleidende literatuur vermeld word, asook die bronne wat hierna in verdere voetnote gebruik word. Van besondere belang is die omvattende biografie van Brodersen (met 'n lang afsluitende hoofstuk oor "Sad Existence: Benjamin in Exile," 201-264, waarin die jare ter sprake kom waartydens sy teses oor die geskiedenis ontstaan). Vir 'n inleiding spesifiek tot sy geskrifte, sien sy navorger Theodor Adorno se informatiewe "Introduction to Benjamin's *Schriften*."

9 Die teses is waarskynlik voltooi in die lente van 1940. Hy wou dit self nie publiseer nie, ook omdat dit so diep persoonlik was en waarskynlik so omstrede sou wees, selfs by sy naaste geesgenote. Hy het dit eers in manuskrip vorm aan vriende soos die Adornos gestuur, met briewe en persoonlike kommentaar daarby. Selfs met vriende, soos Horkheimer, het 'n hewige meningswisseling daaroor ontstaan. Die tesis is eers nadoods, byna 'n dekade later, vir die eerste keer gepubliseer, in *Neue Rundschau*, 61/3, 1950. Die regte titel van die teses is omstrede en dit word dikwels verskillend aangedui en ook uiteenlopend vertaal. Volgens navorsers soos Peukert is die oorspronklike opskif wat Benjamin self gebruik het "Über den Begriff der Geschichte." Dit staan egter meesal bekend as "Geschichtsphilosophische Thesen." In die bundel opstelle *Illuminations* word dit "Theses on the Philosophy of History" genoem, maar dikwels staan dit ook bekend as "On the Concept of History."

10 In 'n brief aan Gretel Adorno, van waarskynlik laat April of vroeg Mei 1940, wat die manuskrip vergesel het, plaas hy nadruklik hierdie teses in die konteks van sy hele lewenswerk en sê: "The war and the constellation that brought it about led me to take down a few thoughts that I can say that I have kept with me, indeed kept from myself, for nigh on twenty years" (my kursivering), sien aangehaal en bespreek by Steiner, "The concept of history," in *Walter Benjamin*, 166 en verder.

11 In dieselfde brief aan Gretel Adorno merk hy op dat veral die 17e tese bondige inligting verskaf oor die metodologie van sy vroeëre werk, sien by Steiner, *Walter Benjamin*, 166.

12 Vir 'n informatiewe inleiding tot die agtergrond van die teses, asook 'n bondige oorsig oor die inhoud, sien byvoorbeeld Steiner, *Walter Benjamin*, 165-173.

13 Tese nege begin met 'n vers van Scholem, en gaan dan oor na meditatiewe opmerkings oor Klee se skildery. Die volle tese nege lui: "My wing is ready for flight/I would like to turn back/If I stayed timeless time/I would have little luck. – *Gerhard Scholem, Angelic Greetings*. There is a painting by Klee called Angelus Novus. An angel is depicted there who looks as though he were about to distance himself from

van Paul Klee in sy besit, oor baie jare heen sy mees geliefde besitting, waaroor hy dikwels geskryf het (vanuit vele perspektiewe) en waarin hy sy eie lewe en identiteit gevind het. Dis een van Klee se sketse van engele, met die titel *Angelus Novus*.<sup>14</sup> In hierdie tesse gee hy egter 'n nuwe duiding aan die skildery. Die engel lyk asof hy rugwaarts weg beweeg van iets waarna hy intens staar, sê Benjamin. Sy oë is gesper, sy mond oop, sy vlerke gesprei. Dis hoe 'n mens jou die engel van die geskiedenis voorstel, merk hy op, en gee daarmee die sleutel tot sy uitleg van die prent. Die engel se gesig is terug gedraai na die verlede. Waar ons egter 'n setting van gebeure waarneem, sien die engel slegs 'n enkele katastrofe wat steeds al meer puin op puin stapel en dit voor die voete van die engel laat ophoop. Die engel sou graag langer wou bly, om die dode op te wek en heel te maak wat gebroke is, maar 'n stormwind uit die paradys waai met soveel geweld teen die vlerke van die engel dat dié hulle nie langer kan toegemaak kry nie. Die storm blaas die engel, wat nie by magte is om weerstand te bied nie, al meer in die toekoms in waarheen sy rug gekeer is, terwyl die puinhoop van afval voor hom hemelhoog groei. Hierdie storm, eindig Benjamin, is wat ons vooruitgang noem.

11. Wat bedoel ons met (die konsep, die begrip) "geskiedenis"?, is die basiese vraag agter die teses. Hoe ag ons geskiedenis hoegenaamd moontlik, wat regverdig dat ons hoegenaamd van geskiedenis kan praat? In sy soeke na antwoorde op hierdie vrae stuur hy doelbewus tussen pole deur. Hy verwerp uitdruklik 'n bloot historistiese benadering, waarvolgens tyd leeg is en alles wat gebeur ewe belangrik is eenvoudig omdat dit plaasvind. Dis nog nie geskiedenis nie. Aan die ander kant verwerp hy ewe nadruklik alle ideologieë van vooruitgang, wat hy ook met skerp kritiek herken by die linkse politiek van sy dag.<sup>15</sup> Dis in sy worsteling om 'n ander konsep van geskiedenis te verwoord dat die ses temas op so 'n merkwaardige wyse in mekaar verweef word sodat die debatte daaromheen steeds voortduur – en dis eweneens die motief agter die denke van vele wat hulle met dié temas besig hou. In 'n sin was die teses sy reaksie

---

something which he is staring at. His eyes are opened wide, his mouth stands open and his wings are outstretched. The Angel of History must look just so. His face is turned towards the past. Where we see the appearance of a chain of events, he sees one single catastrophe, which unceasingly piles rubble on top of rubble and hurls it before his feet. He would like to pause for a moment so fair, to awaken the dead and to piece together what has been smashed. But a storm is blowing from paradise, it has caught itself up in his wings and is so strong that the Angel can no longer close them. The storm drives him irresistibly into the future, to which his back is turned, while the rubble-heap before him grows sky-high. That which we call progress, is *this* storm," *Illuminations*, 257-228.

14 Daar bestaan 'n byna onoorsteltelike literatuur oor Benjamin se omgang met hierdie skildery en spesifiek ook vir sy sieninge van die engel. Vir 'n hoogs informatiewe inleiding van iemand wat waarskynlik die mees persoonlike en intieme kennis hiervan gedra het, sien die opstel van Gershom Scholem, "Walter Benjamin and his Angel," byvoorbeeld in die versameling van Gary Smith (ed), *On Walter Benjamin*, 51-89. Scholem verdedig die teologiese, of liever mistieke uitleg van Benjamin se teses, teenoor diegene, veral uit Marxistiese geleedere, wat daaraan aanstoot geneem het en dit graag sou wou negeer as onbelangrik. Scholem vertel hier die verhaal van Benjamin se eie geskiedenis met die betrokke skildery, waar hy dit gekry het, waar hy dit deur die jare gehou het, hoe hy dit in vroeëre geskifte uitgelê het, tot by die laaste maande van sy lewe en die verwysing daarna in die *Theses*. Benjamin het die skildery beskou as sy mees kosbare besitting. Kort voor die einde het hy trouens navraag gedoen oor wat hy daarvoor sou kon kry in New York, indien hy dalk tot daar sou kon vlug en dit sou kon saambring, as een van min van sy besittings. Scholem eindig met die oordeel: "If one may speak of Walter Benjamin's genius, then it was concentrated in this angel," 86.

15 Sien byvoorbeeld die opstel van Stéphane Mosès, "Angel of History," in Mosès se gelyknamige bundel, *The Angel of History. Rosenzweig, Benjamin, Scholem*, 101-128. Dié betrokke opstel is die derde in 'n afdeling wat handel oor drie modelle van die geskiedenis volgens Benjamin, 65-128. Ook die bekende Hessel gebruik die afbeelding van Klee se skildery en 'n verwysing na en gedeeltelike aanhaling van die negende tesse voor in sy opspraakwekkende lesing, *Empört euch*.

op 'n debat met Horkheimer oor die afgeslotenheid van die geskiedenis. Horkheimer het Benjamin se siening van geskiedenis as teologie beskryf en in die teses antwoord Benjamin doelbewus op dié kritiek – 'n debat wat al beskryf is as "eine der theologisch bedeutsamsten Auseinandersetzungen unseres Jahrhunderts."<sup>16</sup>

12. Ons omgang met die geskiedenis word bemoeilik deur die realiteit van *lyding*. Enigeen wat ní bloot historisties wil konstateer wat alles gebeur nie, maar wat ook vra na oriëntasie, insig, betekenis, beoordeling, duiding, verstaan van wat gebeur, wat vra na perspektief op verlede, hede óf toekoms, word uitgedaag deur die werklikheid van konkrete lyding, om "na te dink in donker tye."<sup>17</sup> Dis lyding wat hom laat glo dat die verlede nie net bloot verby en afgeslote kan wees nie. Dié historiese lyding – die rommel wat opstapel voor die engel – is vir hom sowel persoonlik (en dus antropologies en biografies) as sosiaal (en dus polities) van aard en die antwoorde op dié vrae is dus sowel biografies as polities van aard. Sowel meer persoonlike as meer politieke diskoerse beroep hulle gevolglik sedertdien op sy beskouinge.

13. Wat die historiese lyding besonder kompleks maak is die feit dat dit dikwels met *onreg*, magsmisbruik en geweld saamhang. Dit gaan om die lyding van slagoffers – slagoffers van die geskiedenis, van onderdrukking, uitsluiting, geweld in vele vorme, om dood en doding in vele gestaltes. Weer eens sou dié patos 'n merkwaardige werkingsgeskiedenis tot gevolg hê, wat self 'n verskeidenheid van temas na vore sou roep. Benjamin self het 'n baie invloedryke opstel oor "Critique of Violence" geskryf, wat tot vandag by vele denkers 'n sleutelrol speel,<sup>18</sup> byvoorbeeld van Hannah Arendt tot Judith Butler,<sup>19</sup> asook in die striemende polemiek tussen Slavoj Žižek en Simon Critchley.<sup>20</sup> Omdat Benjamin ook die (verskillende funksies van die) reg as vorme van geweld uitlê, vind debatte oor die noodtoestand en die setel van soewereiniteit (soos rondom Carl Schmitt)<sup>21</sup>, oor skuld en plaasvervangende lyding en sterwe (soos rondom Giorgio Agamben)<sup>22</sup> en oor politieke anargie (te veel name om te noem)<sup>23</sup> eweneens meermale plaas met bewuste beroep op Benjamin.

14. Die vrae na die duiding van die geskiedenis (verlede, hede en toekoms) en na die plek van werklike lyding daar binne (individueel en sosiaal), meermale die lyding van slagoffers (van

---

16 Hierdie aanhaling is van Helmut Peukert, uit sy uitvoerige en verhelderende weergawe van hierdie briefwisseling tussen Benjamin en Horkheimer, in *Wissenschaftstheorie – Handlungstheorie – fundamentale Theologie*, 305-310, met die betrokke uitspraak op 305. Vir dié debat, sien byvoorbeeld ook Forrester, *Christian Justice and Public Policy*, 188e.v.

17 Benjamin het meermale die motief van "thinking in dark times" gebruik. In 'n brief aan Scholem skryf hy byvoorbeeld aangaande sy heel laaste twee opstelle wat tydens sy lewe nog gepubliseer is "Every line we succeed in publishing today – no matter how uncertain the future to which we entrust it – is a victory wrenched from the powers of darkness," by Steiner, *Walter Benjamin*, 165. Hannah Arendt wy dan ook 'n groot deel van haar huldiging aan Benjamin aan "the dark times," "Introduction," 19-38, wat nog meer betekenisvol is omdat haar eie werk juis ook dikwels as "thinking in dark times" tipeer sou word.

18 Benjamin, "Critique of Violence," in *Reflections. Essays, Aphorisms, Autobiographical Writings*, 277-300.

19 Sien byvoorbeeld Arendt, *On Violence* en Butler, "Critique, Coercion and Sacred Life in Benjamin's 'Critique of Violence'."

20 Sien byvoorbeeld Critchley, *Faith of the Faithless*, 207-246 (met uitvoerige literatuur).

21 Die agste tesse van Benjamin is byvoorbeeld 'n duidelike sinspeling op Schmitt se teorieë rondom die noodtoestand as konstituering van die politiek, byvoorbeeld in sy *Political Theology. Four Chapters on the Concept of Sovereignty*.

22 Agamben, *Homo Sacer*.

23 Sien byvoorbeeld Critchley, *The Faith of the Faithless*, 103-154.

geweld, magmsmisbruik en onreg, óók onreg in die gestaltes van reg), het dikwels, indien nie altyd nie, ook 'n *etiese* dimensie. Mense dink na oor 'n filosofie van die geskiedenis omdat hulle wil weet hoe om te lewe, wat om te doen, wie om te wees, hoe om te reageer op wat gebeur en op wat gebeur het, hoe hulle betrokke behoort te wees by wat nog gaan gebeur, wat dit beteken om verantwoordelik te lewe. Vrae van verstaan – van sin, betekenis, duiding – blyk ongenoegsaam as dit gaan om die geskiedenis, en juis om die konkrete lyding van slagoffers. Ook onreg en geweld daag uit tot handeling, tot etiek, maar hóé? – die sleutel-konflik tussen Crichtley en Zizek.

15. Omdat ook etiek uiteindelik magteloos staan en net kan toesien hoe die puinhoop groei – nie eens die engel kan iets daaraan doen nie – argumenteer Benjamin dat die geskiedenis, die lydendes en die slagoffers (ten minste) nie vergeet durf word nie. Dit sou die allerergste wees. *Onthou* is nodig om hulle (ten minste) teenwoordig te hou, herinnering, *Eingedenken*.<sup>24</sup> Weer eens sou talle hom hierin navolg – teoloë soos Metz, maar ook ander.<sup>25</sup> Invloedryk was byvoorbeeld die opvoedkundige Helmut Peukert se begrip “anamnetiese solidariteit” wat (in aansluiting by Benjamin) dáár begin waar die aporie duidelik word dat etiek, selfs die universele kommunikasie-gemeenskap van die diskoersetiek, nie by magte is om die slagoffers van die verlede in te sluit nie.<sup>26</sup> Wanneer sowel verstaan as handeling tekort skiet bly herinnering as enigste weg. As dit vir vele onherroeplik te laat is vir geluk, word verlossing die enigste hoop<sup>27</sup> – nóg 'n tema met wye nawerking. In dié verband word diskoerse oor Paulus, Marcion en Gnostiek gevolglik vandag opnuut weer relevant en boeiend.<sup>28</sup>

16. Presies daar word Benjamin se teses duidelik *teologie* – soos Horkheimer (en vele ander) hom verwyt en hy self herhaaldelik en konsekwent openlik erken. Die eerste tese gebruik byvoorbeeld die beeld van die Turkse marionet met die skaakmasjien wat altyd wen – maar net omdat daar 'n gebrekkige dwerg onder die tafel wegkruip wat baie goed speel en ongesiens die skuiwe maak. Historiese materialisme – die pop – wat wel historiese lyding en die konkrete slagoffers ernstig wil neem sal hulle stryd met die geskiedenis slegs kan wen indien hulle heimlik van die dienste van die teologie gebruik maak – maar dié is vandag, sê hy, klein en onaansienlik en durf nie in die openbaar gesien word nie.<sup>29</sup> Sommige – ook vele onder sy geesgenote – was destyds en sedertdien hoogs ontsteld oor en krities jeens

---

24 Benjamin self formuleer, “Das Korrektiv dieser Gedankengänge liegt in die Überlegung, daß die Geschichte nicht allein eine Wissenschaft, sondern nicht minder eine Form des Eingedenkens ist. Was die Wissenschaft ‘festgestellt’ hat, kann das Eingedenken modifizieren. Das Eingedenken kann das Unabgeschlossene (das Glück) zu einem Abgeschlossenen und das Abgeschlossenen (das Leid) zu einem Unabgeschlossenen machen. Das ist Theologie; aber im Eingedenken machen wir eine Erfahrung, die uns verbietet, die Geschichte grundsätzlich atheologisch zu begreifen, so wenig wir sie in unmittelbarer theologischen Begriffen zu schreiben versuchen dürfen,” aangehaal by Peukert, *Wissenschaftstheorie – Handlungstheorie – fundamentale Theologie*, 307.

25 Vir Metz, sien byvoorbeeld sy *Faith in History and Society*, veral 184-204 (benewens vele ander werke sowel van hom en oor hom, waarin “herinnering” 'n sleutel motief vorm).

26 Anamnetiese solidariteit speel 'n sleutelrol in Peukert se argument in *Wissenschaftstheorie – Handlungstheorie – fundamentale Theologie*, sien veral 300 en verder. Sien daaroor die skripsie van Hans Müller, *Deurwinterde Solidariteit*.

27 Sien byvoorbeeld Agamben, *Potentialities*, 138-159.

28 Sien byvoorbeeld Crichtley, *The Faith of the Faithless*, 103-154.

29 'n Afdruk van dié uitbeelding uit die tyd van Benjamin word byvoorbeeld voor in Pangritz se *Vom Kleiner- und Unsichtbarwerden der Theologie*, gebruik. Hy behandel in dié proefskrif onder andere ook die “implisiete teologie” van Benjamin.

dié teologiese perspektiewe.<sup>30</sup> Teenoor Benjamin se kritici sou sy jarelange vriend Gershom Scholem onvermoeid argumenteer dat Joodse mistiek die enigste agtergrond is waarteen hy verstaan kan word.<sup>31</sup> Ander sou – tereg – daarop wys dat hy nie normale teologie beoefen nie, maar profane teologie, sekulêre teologie – maar wat beteken dit presies?, vra vele.<sup>32</sup>

17. In dié verband word klassieke teologiese temas soos die Messias en Messiaanse beloftes en verwagtinge,<sup>33</sup> die eskatologie en apokaliptiek,<sup>34</sup> mistiek,<sup>35</sup> bekering,<sup>36</sup> die plek van die wet,<sup>37</sup> verlossing,<sup>38</sup> die bose,<sup>39</sup> die Antichris,<sup>40</sup> oordeel en die Laaste Oordeel,<sup>41</sup> die aard van hoop,<sup>42</sup> die eindtyd en ander tradisioneel teologiese temas soos die kruis en opstanding, almal opnuut van sentrale belang – reeds in sy teses, soos trouens ook in sy oeuvre, veral van sy latere werk, maar daarby ook in die werkingsgeskiedenis sedertdien, tot vandag. Besonder belangrik vir sy eie oortuigings is byvoorbeeld die kort maar kragtige “Theologico-Political Fragment.”<sup>43</sup> Verhelderend vir die eskatologiese stemming wat ook uit Benjamin se werk straal is Jakob Taubes se *Occidental Eschatology*, tesame met sy ander werk oor Benjamin.<sup>44</sup> Vele in dié diskoerse beklemtoon vandag – soos Benjamin, alhoewel op uiteenlopende maniere – dat geloof (soms selfs teologie, soms selfs nadruklik elemente van die Christelike boodskap, al word dit profaan of sekulêr gedui) meer fundamenteel aanwesig is, ook by sekulêre, selfs ongelowige en ateïstiese mense en verborge agter hedendaagse sekulêre politiek, as wat

30 ‘n Enkele maar interessante voorbeeld is Habermas, wat in vroeëre reaksies op Benjamin se werk duidelik negatief staan teenoor sy teologiese belangstellings en oortuigings.

31 Sien byvoorbeeld die opstel oor Benjamin en sy engel, “Walter Benjamin and His Angel,” 51-89.

32 Só Helmut Peukert, *Wissenschaftstheorie – Handlungstheorie – fundamentale Theologie*, 310: “Zu der Verweigerung Benjamins, die Vergangenheit für abgeschlossen zu erklären, hatte Horkheimer geschrieben: ‘Letzten Endes ist Ihre Aussage theologisch.’ Welche Art von Theologie kann das aber sein?”

33 Sien byvoorbeeld Fennes, *The Messianic Reduction. Walter Benjamin and the Shape of Time*.

34 Sien byvoorbeeld Zizek, *Living in the End Times*.

35 Sien byvoorbeeld Critchley, *The Faith of the Faithless*, 103 ev.

36 Sien byvoorbeeld Critchley, *Infinitely Demanding*, oor die noodsaak aan roeping en toewyding te midde van leegheid en nihilism.

37 Sien byvoorbeeld Critchley, *The Faith of the Faithless*, asook Agamben, *Potentialities*, 160-174.

38 Sien byvoorbeeld Agamben, *Potentialities*, 138-159.

39 Sien byvoorbeeld Eagleton, *On Evil*.

40 Sien byvoorbeeld Critchley, *The Faith of the Faithless*, 174 ev.

41 Sien byvoorbeeld die debat tussen Horkheimer en Benjamin by Peukert, *Wissenschaftstheorie – Handlungstheorie – fundamentale Theologie*, 305 ev. Dit is die diepste punt van verskil. Horkheimer meen die onreg wat in die geskiedenis plaasgevind het is verby, niks kan daaraan verander nie. “Das vergangene Unrecht ist geschehen und abgeschlossen. Die Erschlagenen sind wirklich erschlagen ... Was den Menschen, die untergegangen sind, geschehen ist, heilt keine Zukunft mehr ... und die Vorstellung des Jüngsten Gerichts, in welche die unendliche Sehnsucht von Bedrückten und Sterbenden eingegangen ist, bildet nur einen Überrest des primitive Denkens, das die wichtige Rolle des Menschen in der Naturgeschichte erkennt und das Universum vermenschlicht,” 305-306. Benjamin is diep bewus van die erns van hierdie problematiek, maar verskil hier van Horkheimer, en gebruik die teses om sy siening juis meer doelbewus en duidelik te verwoord.

42 Sien byvoorbeeld uitvoerig Taubes, *Occidental eschatology*. Adorno, in sy “Introduction to Benjamin’s Schriften,” merk op: “In Benjamin’s work hope truly appears only where there is danger,” 12

43 Benjamin, “Theologico-Political Fragment,” in *Reflections. Essays, Aphorisms, Autobiographical Writings*, 312-313.

44 Sien Taubes se proefskrif, *Occidental Eschatology*, wat sou lei tot intense gesprek met byvoorbeeld Carl Schmitt, maar wat eers dekades later in Engels vertaal is, asook sy lesings in Heidelberg, postuum gepubliseer, *The Political Theology of Paul*; vir die problematiek, sien ook die invloedryke werk van Löwith, *Meaning in History*, waarin trouens na die vroeë proefskrif van Taubes verwys word.



meesal bewus erken word. Dit geld byvoorbeeld van Zizek, saam met Boris Gunjevic, in *God in Pain. Inversions of Apocalypse*,<sup>45</sup> van Critchley in sy *Faith of the Faithless. Experiments in Political Theology*,<sup>46</sup> van Agamben in sy *The Church and the Kingdom*.<sup>47</sup> Zizek open sy *The Puppet and the Dwarf. The Perverse Core of Christianity* met Benjamin se eerste tese.<sup>48</sup> In sy *Jesus Christ. Terry Eagleton presents the Gospels* sê Eagleton dat Benjamin Jesus ten beste verstaan het, beter as meeste.<sup>49</sup>

18. Gegee sy kenmerkende styl van denke, in fragmente en brokstukke en doelbewus nie in sisteme en argumente nie, is dit onmoontlik om Benjamin se eie siening van die logika van onreg, oordeel en eskatologie te orden tot een samehangende standpunt. Hy wou eerder ander uitdaag om te fokus op detail, op spesifieke vrae, op konkrete temas.<sup>50</sup> In sy nawerking het presies dit dan ook gebeur en daarom roep die herinnering aan hom 'n veelvoud van nuwe vrae op wat lei tot vele diskoerse. Tog kan die onderlinge verbande tussen dié diskoerse nie ontken word nie. Telkens roep een van die temas weer onvermydelik 'n ander na vore. Die ooreenkomste tussen dié diskoerse en die Gereformeerde sienings is daarby opvallend en merkwaardig. Vele argument van Benjamin, Taubes, Agamben en Critchley klink presies soos Van de Beek – tot by Agamben oor die kerk as pelgrims.<sup>51</sup>

## WERKE GERAADPLEEG

Adornos, TW 1991. "Introduction to Benjamin's *Schriften* (1955)," in Smith, *On Walter Benjamin*, 2-17.

- 
- 45 Sien byvoorbeeld Zizek se openingswoorde (en verdere argument) in Zizek en Gunjevic, *God in Pain. Inversions of Apocalypse*: "If, once upon a time, we publicly pretended to believe while privately we were skeptics or even engaged in obscene mocking of our public beliefs, today we publicly tend to profess our skeptical, hedonistic, relaxed attitude while privately we remain haunted by beliefs and severe prohibitions," 7, 27.
- 46 Daar is nie net tematiese ooreenstemming nie, maar Critchley werk inderdaad uitvoerig met Benjamin self in sy *Faith of the Faithless. Experiments in Political Theology*, byna as 'n deurlopende gespreksgenoot.
- 47 Agamben, *The Church and the Kingdom*. Die boek eindig met 'n verwysing na die engel van Klee en Benjamin se negende tese. Ook in Agamben, *Potentialities*, word etlike van sy opstelle aan Benjamin gewy, onder andere aan sy verstaan van die geskiedenis.
- 48 Zizek, *The Puppet and the Dwarf. The Perverse Core of Christianity*.
- 49 Eagleton, *Terry Eagleton presents Jesus Christ*, xii: "The crucifixion proclaims that the truth of human history is a tortured political criminal. It is a message profoundly unacceptable to those sunk in dewy-eyed delusion (idealists, progressivists, liberals, reformers, Yea-sayers, modernizers, socialist humanists and the like), though one perfectly understood by a Jew like Walter Benjamin. Only if you can gaze on this frightful image without being turned to stone, accepting it as absolutely the last word, is there a slim chance that it might not be. This chance is known to Christian faith as the resurrection. To acknowledge this thing of darkness as one's own, discerning in this monstrous image a reflection of oneself and one's historical condition, is the revolutionary act which the Gospels know as *metanoia*, or conversion. Christianity is thus considerably more pessimistic than secular humanism, as well as immeasurably more optimistic."
- 50 Sy denk- en skryfstyl was dikwels fragmentaries, opgemaak uit losse aforismes en teses. Sy grootste ambisie, volgens Hannah Arendt, was om 'n werk te skryf wat volledig net uit aanhalings sou bestaan, Arendt, "Introduction," 4. Vir die doelbewus fragmentariese aard van sy denke, skrywe en ook van sy lewe, sien Adorno, "Introduction to Benjamin's *Schriften*," 6 ev.
- 51 Sien Agamben se preek in die vorm van 'n tipies Nuwe Testamentiese brief, vanuit die gemeente in die verstrooiing in Rome na die gemeente in die verstrooiing in Parys, in sy *The Church and the Kingdom*. Ook in Theo de Wit se intreerede oor die *Dies Irae. De Secularisering van het Laatste Oordeel* herken 'n mens vele van dié temas en trouens ook van hierdie figure en bronne.



- Adorno, T W 1991a. "Benjamin the Letter Writer," in Smith, *On Walter Benjamin*, 329-337.
- Agamben, G 2012. *The Church and the Kingdom*, London: Seagull
- Agamben, G 2007. *The Kingdom and the Glory. For a Theological Genealogy of Economy and Government*, Stanford: University
- Agamben, G 2005. *The Time that Remains. A Commentary on the Letter to the Romans*, Stanford: University
- Agamben, G 1998. *Homo Sacer. Sovereign Power and Bare Life*, Stanford: Stanford University Press.
- Agamben, G 1999. *Potentialities*, Stanford: Stanford University Press
- Arendt, H 1969. "Introduction. Walter Benjamin: 1892-1940," in *Illuminations. Illuminations. Essays and Reflections*, ed. H. Arendt, New York: Schocken Books, 1-58.
- Arendt, H 1969a. *On Violence*, London: Allen Lane.
- Bakhuizen van den Brink, J N 1976. *De Nederlandse Belijdenisgeschriften*, Amsterdam: Ton Bolland.
- Benjamin, W 1969. *Illuminations. Illuminations. Essays and Reflections*, ed. H. Arendt, New York: Schocken Books.
- Benjamin, W 1978. *Reflections. Essays, Aphorisms, Autobiographical Writings*, ed. P. Demetz, New York: Schocken Books.
- Berkowitsch, R, Keenan, T & Katz, J (eds), 2010. *Thinking in Dark Times. Hannah Arendt on Ethics and Politics*, New York: Fordham University Press.
- Bloch, E 1991. "Recollections of Walter Benjamin," in Smith, *On Walter Benjamin*, 338-345.
- Boesak, A. 1984. *Black and Reformed. Apartheid, Liberation, and the Calvinist Tradition* (ed. Leonard Sweetman). Maryknoll, NY: Orbis.
- Boesak, A. 1987. *Comfort and Protest. The Apocalypse of John from a South African Perspective*. Philadelphia: Westminster.
- Brodersen, M 1996. *Walter Benjamin. A Biography*, London: Verso
- Butler, J 2006. "Critique, Coercion and Sacred Life in Benjamin's 'Critique of Violence,'" in *Political Theologies. Public Religions in a Post-Secular World*, eds. H. de Vries & L.E. Sullivan, New York: Fordham University Press, 201-219.
- Caygill, H, Coles, A & Klimowski, A 2000. *Introducing Walter Benjamin*, Cambridge: Icon Books.
- Critchley, S 2012. *The Faith of the Faithless. Experiments in Political Theology*. London: Verso
- Critchley, S 2007. *Infinately demanding. Ethics of Commitment, Politics of Resistance*, London: Verso.
- De Kruijf, G G, 2005. "Give place unto wrath," *Christian Faith and Violence*, eds. Van Keulen, D & Brinkman, M E, Zoetermeer: Uitgeverij Meinema, 115-129.
- De Wit, T W A *Dies Irae. De Secularisering van het Laatste Oordeel. Inaugurale Rede, Bijzonder Hoogleraar Vraagstukken geestelijke verzorging in justitiële inrichtingen*, Universiteit van Tilburg, 1 Oktober 2010.
- De Wilde, M 2006. "Violence in the state of exception: Reflections on Theologico-Political Motifs in Benjamin's 'Critique of Violence,'" in *Political Theologies. Public Religions in a Post-Secular World*, eds. H. de Vries & L.E. Sullivan, New York: Fordham University Press, 188-200.
- Dickinson, C 2011. *Agamben and Theology*, London: T & T Clark.
- Eagleton, T 2010. *On Evil*, New Haven: Yale.
- Eagleton, T 2007. *Terry Eagleton presents Jesus Christ, The Gospels*, London: Verso
- Etzelmueller, G, 2009. ... zu richten die Lebendigen und die Toten, Neukirchen-Vluyn: Neukirchener Verlag.
- Fenves, P 2011. *The Messianic Reduction. Walter Benjamin and the Shape of Time*, Stanford: Stanford University Press.
- Forrester, D B 1997. *Christian Justice and Public Policy*, Cambridge: Cambridge University Press.
- Habermas, J 1991. "Walter Benjamin: Conscious-Raising or Rescuing Critique (1972)," in Smith, *On Walter Benjamin*, 90-128.
- Hessel, S 2011. *Empört euch!*, Berlin: Ullstein.
- Löwith, K 1949. *Meaning in History*, Chicago: University of Chicago Press.
- Mayer, H 1991. "Walter Benjamin and Franz Kafka: Report on a Constellation (1980)," in Smith, *On Walter Benjamin*, 185-209.
- Metz, J B 1980. *Faith in History and Society. Toward a Practical Fundamental Theology*, London: Burns and Oates.
- Missac, P 1991. "Walter Benjamin: From Rupture to Shipwreck (1981)," in Smith, *On Walter Benjamin*, 210-223.
- Moses, S 2009. *The Angel of History. Rosenzweig, Benjamin, Scholem*, tr. B Harshav, Stanford: Stanford

University Press.

- Müller, H P 1997. *Deurwinterde solidariteit*, ongepubliseerde BTh-Skripsie, Stellenbosch: Universiteit.
- Pangritz, A 1996. *Vom Kleiner- und Unsichtbarwerden der Theologie*, Tübingen: Theologischer Verlag.
- Peukert, H 1978. *Wissenschaftstheorie – Handlungstheorie – fundamentale Theologie: Analysen zu Ansatz und Status theologischer Theoriebildung*, Frankfurt: Suhrkamp (translated as 1984. *Science, Action, and Fundamental Theology. Toward a Theology of Communicative Action*, Cambridge: MIT Press)
- Rosen, C 1991. "The Ruins of Walter Benjamin (1977)," in Smith, *On Walter Benjamin*, 129-175.
- Schmitt, C 1985. *Political Theology. Four Chapters on the Concept of Sovereignty*, Chicago: University of Chicago.
- Scholem, G 1991. "Walter Benjamin and His Angel (1972)," in Smith, *On Walter Benjamin*, 51-89.
- Simpson, G M 1989. "Theologia Crucis and the forensically fraught world. Engaging Helmut Peukert and Jürgen Habermas," *Journal of the American Academy of Religion*, LVII/3, 509-540.
- Smit, D J 2012. "The *Confessio Belgica* as Liberating Truth Today?," in P J Tomson et al. (eds.), *The Belgic Confession at 450*, (Analecta Bruxellensia 15) Maastricht, Shaker Media, 77-88.
- Smith, G 1991. *On Walter Benjamin. Critical Essays and Recollections*, Cambridge: MIT Press.
- Steiner, U 2010. *Walter Benjamin. An Introduction to his Work and Thought*, Chicago: University of Chicago Press.
- Taubes, J 2009. *Occidental Eschatology*, Stanford: Stanford University Press.
- Taubes, J 2005. *The Political Theology of Paul*, Stanford: Stanford University Press.
- Thomas, G 2009. *Neue Schöpfung*, Neukirchen-Vluyn: Neukirchener Verlag.
- Van de Beek, A 2008. *God doet recht. Eschatologie als christologie*, Zoetermeer: Meinema.
- Zizek, S 2010. *Living in the End Times*, London: Verso
- Zizek, S 2003. *The Puppet and the Dwarf. The Perverse Core of Christianity*, Cambridge: MIT Press
- Zizek, S 2001. *On Belief*, London: Routledge
- Zizek, S 2000. *The Fragile Absolute. Or why the Christian Legacy is worth Fighting for*, London: Verso
- Zizek, S & Gunjevic, B 2012. *God in Pain. Inversions of Apocalypse*, New York: Seven Stories Press

#### KEY WORDS

Walter Benjamin  
Theses on History  
Angel of History  
Last Judgment

#### TREFWOORDE

Walter Benjamin  
Teses oor die Geskiedenis  
Engel van die Geskiedenis  
Laaste Oordeel